

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat so mooi na ons kyk!

Ek wil graag die volgende belangrike sake onder u aandag bring:

A) SKOOLPROGRAM

Die bestuurspan het na verskeie vergaderings rondom die terugkeer van verdere grade die volgende faktore oorweeg:

- Veiligheid van personeel
- Veiligheid van leerders
- Veiligheid van ouers
- Klasgroottes
- Sosiale distansiëring

Om bostaande redes het die bestuurspan dan besluit om die huidige status quo te behou. Graad 11- en 12- leerders elke dag by die skool en grade 8 – 10 alternatiewe dae soos op die normale skoolprogram.

B) BEHEERLIGGAAM

Die nuutverkose bestuur van die Beheerliggaam is soos volg:

Johan Westraadt - Voorsitter

Masunet Strydom – Onder-Voorsitter

Petra Gouws – Finansiële Voorsitter

Riaan Bezuidenhout – GTT Voorsitter

Ons gelukwensing aan hierdie ouers wat verkies is tot die bestuur van die Beheerliggaam. Die nuutverkose Beheerliggaam het ook Mnre. K Ollewagen en K Du Preez tot die beheerliggaam gekoöpteer.

C) AFWESIGHEID VAN LEERDERS

Ouers, leerders se onderrigtyd is drasties minder as gevolg van Covid-19. Juis daarom is ons baie bekommerd oor die te groot leerderafwesigheid. Ek doen 'n beroep op u om toe te sien dat u kind by die skool is op die dae soos aan u gekommunikeer.

D) ADMATHS

Ons admathsklasse het begin. Dit vind op Dinsdag- en Woensdagaande in die voorlesingslokaal plaas.

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR
SUNRIDGE VILLAGE**

E) COVID-19

Ons moedig u aan om die volgende regulasies voortdurend met u kind te bespreek:

- Dra van maskers.
- Sanitering van hande.
- Sosiale distansiëring.

Ons moet dit ook onder ons leerders se aandag bring dat die nakoming van hierdie maatreëls juis die personeel én ouers beskerm. Kom ons motiveer hulle om hierby te hou.

F) KOMMUNIKASIE TUSSEN SKOOL EN OUERS

Die skool het 'n oopdeurbeleid. Indien u nog enige vrae het, en u het reeds deur die regte kanale gewerk, kan u my enige tyd skakel of my kom besoek - selfs al het u nie 'n afspraak gemaak nie. Ek doen 'n beroep op u om nie die skool te bespreek wanneer iets pla nie, maar ons eerder te kontak en die ontevredenheid hier kom bespreek.

G) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se facebook beskikbaar. 'n Verdere toevoeging tot die Fakkelflits is 'n afdeling waarin verslag oor ons oudskoliere gedoen word. Daar sal elke week 'n aantal bladsye aan die oudskoliere se doen en late in die fakkelflits afgestaan word.

H) AKADEMIE

Daar is noodgedwonge 'n paar veranderinge rondom die toetse van die kwartaal, asook die toetsreeks, aangebring. Bestudeer dit noukeurig en maak seker u kind(ers) is goed voorbereid. Aangeheg die nuutste rooster.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van toetse en/of die toetsreeks afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrieff ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang leerder 'n 0 vir die betrokke vak.

Indien 'n leerder Covid-positief of in isolasie is, moet dit dadelik onder die aandag van ons graadhoofde gebring word. U kan die graadhoofde by die volgende e-posadres in kennis stel:

Gr.8: heidistrauss88@gmail.com

Gr.9: fvdwalt@framesby.co.za

Gr.10: jeanette.schoeman@yahoo.com

Gr. 11: lschelbert@framesby.co.za

Gr.12: smit.pc@gmail.com

I) GEBEDSGROEP - DONDERDAGOGGENDE

Ek nooi u uit om Donderdagoggende om 07:30 saam met ouers en die skoolhoof in die tennishuisie te kom bid. Dis 'n geleentheid waar ons die Framesby-familie aan ons Hemelse Vader opdra. U is baie welkom.

J) INSKRYWINGSVORMS – GRAAD 8 2022

Inskrywingsvorme vir voornemende graad 8-leerders vir 2022 is by die algemene kantoor beskikbaar. Indien u enige navrae van voornemende ouers ontvang, deel asseblief bogenoemde inligting aan hul mee.

K) KLEREWINKEL - TYE

Neem asseblief kennis van die tye van die klerewinkel: Maandae tot Vrydae 08:00 – 11:00.

L) WOLKSKOOL

Leerders kan alreeds van Die Wolkskool platvorm gebruik maak. Dit is 'n wonderlike aanvullende hulpmiddel tot ons akademiese platvorm.

Die sperdatum vir die finalisering van dié klasse op Wolkskool word as gevolg van foutiewe e-pos adresse uitgeskuif. 'n Datum vir die finalisering van die Wolkskoolklasse sal later aan u deurgegee word

Dankie vir u ondersteuning en geduld ook in hierdie verband.

M) WINTERSPORT

'n Volledige wintersportprogram neem op Dinsdag, 23 Maart 2021 in aanvang. Die rooster is aangeheg.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

Vriendelike groete.



MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

TOP 20 IN JUNIOR DAMES GHOLF



Zahn Scholtz (Gr. 12) het al menigte male haar staal gewys. Hierdie keer is nie anders nie. Sy is deur Complete Golfer Magazine aangewys as een van die top 20 dames op die Suid-Afrikaanse Junior Dames ranglys. Zahn is in die sewentiende plek en beoog om aan die einde van die jaar in die top 10 te eindig voor sy na Amerika vertrek. Sy het 'n beurs ontvang om daar gholf te speel. Zahn het al die OP 0/18 dogtersspan, sowel as die provinsiale damesspan verteenwoordig. Sy het al tot by die OP 0/17 seunsspan uitgehelp.

Framesby is ongelooflik trots op Zahn en die merkwaardige prestasies. Ons wens haar alle sterkte toe met die pad vorentoe.

*The Herald het onlangs 'n pragtige berig oor Zahn geskryf. Die skakel is op ons Facebook-blad beskikbaar.

LEANE ONTVANG SA-KLEURE

Leane Myburgh het vier jaar gelede vir die eerste maal Provinsiale kleure in dans en modelwerk ontvang. Sy het verlede jaar a.g.v. Covid aan Talent Africa se virtuele kompetisie deelgeneem. Sy het uitstekend in die volgende items gevaar: modelwerk informeel (goud), modelwerk formeel (goud) en modelwerk: fotogenies (goud). Leane het gedurende November 2020 gekwalifiseer om aan Talent America deel te neem en het haar SA-kleure verwerf. Leane het aan die volgende items by Talent America deelgeneem: modelwerk: fotogenies (eerste plek-goud) en modelwerk fiksheid ("runner up"). Wel gedaan, Leane!



Leané



**INSKRYWINGS
IS OOP!**



INSKRYWINGS 2022



Inskrywings vir 2022 is oop. Aansoekvorms is by die algemene kantoor en op ons webtuiste beskikbaar. Skryf vroegtydig in om teleurstelling te voorkom!

POTJIEKOS FONDSINSAMELINGSPROJEK

Die Framesby Fondsinsamelingskomitee (FFK) beplan 'n potjiekos fondsinsamelingsprojek vir die skool. Die volgende skenkings sal waardeur word: hout en kontant.

Skakel gerus vir Belinda by 082 781 2876.



STUDENTESENTRUM VORDERING:



EINDPRODUK



WINTERSPORTPROGRAM

SPORT

Wintersportprogram begin op Dinsdag, 23 Maart 2021.

Atletiek: Slegs me. Marinda Cronje se atlete oefen soos met hulle gereël.

Stapklub: Tye en dae bly onveranderd.

Bergfiets: Tye en dae bly onveranderd

Hokkie: Tye en dae bly onveranderd

Tennis: Tye en dae bly onveranderd

Muurbal: Tye en dae bly onveranderd.

Gholf: Reëlins gaan soos normaal voort.

Landloop: Maandae tot Donderdae 14:30 – 15:45 (almal)

Skaak: Donderdae: 14:15 - 15:15 - Juf. Momberg

Rugby:

Oefen in OUDERDOMSGROEPE as volg:

Seniors: A –veld

Maandae tot Donderdae: 15:00 - 16:30

o.16: B – veld

Dinsdae: 14:30 – 16:00

Donderdae: 15:30 – 17:00

o.15: C-veld

Dinsdae: 15:30 – 17:00

Donderdae: 14:30 – 16:00

o.14: C-veld

Dinsdae: 14:30 – 16:00

Donderdae: 14:30 – 16:00


Netbal:

Voorlopige nuwe oefentye vanaf 23 Maart 2021.

Na afloop van die netbalproewe van 15 – 18 Maart, word die dogters in twee groepe verdeel : naamlik Groep A en B. Daar sal weekliks vir elke groep twee oefeninge van een uur lank wees.

Ons is ook baie bevoorreg om weer me. Lana Krige by Framesby Netbal betrokke te hê. Sy is die S.A. o.21-span se spesialis afrigter . Hulle is tans besig met voorbereiding vir die Wêreldbeker in Fiji. Sy is ook die afrigter van die Madibas en 'n keurder vir die Protea Seniorspan.

<u>Ouderdomsgroep</u>	<u>Afrigters:</u>	<u>Dag en Tyd:</u>	<u>Baan:</u>
0.14 A Groep	Me. A v.d Westhuizen Me. E du Preez	Maandag & Woensdag 14h30 – 15h30	Baan 1
0.14 B Groep	Me. J de Klerk Me. A Rautenbach	Maandag & Woensdag 14h30 – 15h30	Baan 3 & 4
0.15 A Groep	Me. J du Plessis Me. H Strauss	Dinsdag & Donderdag 14h30 – 15h30	Baan 5 (by skoolgebou)
0.16 A Groep	Me. L Smit Me. C van Rensburg	Maandag & Woensdag 14h30 – 15h30	Baan 5 (by skoolgebou)
0.15 B & 0.16 B Groep	Me. E Jonker Me. M Saayman	Dinsdag & Donderdag 14h30 – 15h30	Baan 3 & 4
0.19 A Groep	Me. T Nell Me. L Krige	Dinsdag en Donderdag 14h30 – 15h30	Baan 1
0.19 B Groep	Me. B J van Rensburg Me. L Foreman	Dinsdag en Donderdag 14h30 – 15h30	Baan 2



INTERHUIS ATLETIEK REKORDS



Die volgende twee leerders het ook rekords by die atletiek interhuis gebreek:



Paalspring – Seuns o.17:
Zander van Eyk - 4.05m

Hammergooi – Dogters o.17:
Jana Terblanche - 38.70m

Op die foto verskyn Zander saam met Okkert Brits (oudskolier) en Wêreldkampioen in paalspring.

FOTOJAARBLAD 2020

Die fotojaarblad van 2020 is by die algemene kantoor teen R100.00 beskikbaar. Dit sluit ook 'n gedenkblad van die afgelope 50 jaar in. Indien u nie in PE woonagtig is nie en belangstel om 'n fotojaarblad te bestel, kan u vir mnr.Rauch 'n e-pos by wrauch@framesby.co.za stuur.



FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)



Beste Oudskoliere

Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting **na fos@framesby.co.za** sal e-pos.

NAAM EN VAN:

NOOIENSVAN:

ID-NOMMER:

JAARTAL GEMATRIKULEER:

ADRES:

PROVINSIE:

BEROEP:

TELEFOON:

SELFOON NR:

E-POSADRES:

FRAMESBY KLEREWINKEL

**FRAMESBY
MASKERS
R50**



**BUFF
R60**



DAAGLIKS OOP VAN 08:00 - 10:00

FRAMESBY OUDSKOLIERE



'n Paar van ons oudskoliere, Deleon van Rooyen (Klas van 1990), Hannes van Vuuren en sy vrou Barbara (beide Klas van 1991), en ek het gedurende 2019 bymekaar gekom en besluit om die inisiatief te neem om die Framesby Oudskoliere Vereniging op die been te bring. Ons al vier is trots dat ons deel was van die wonderlike geskiedenis van die skool en is steeds passievol oor die Hoërskool Framesby. Hierdie passie en trots kan duidelik gesien word in die pragtige wapen wat Deleon vir FOS ontwerp het. Ek is seker dat almal sal saamstem dat dit 'n uitstekende ontwerp vir ons is!!!

Met die ondersteuning van mnr. Germishuys, Framesby se skoolhoof, en sy personeel, het ons 'n stigtingsvergadering vir Oktober 2019 gereël. Gedurende die vergadering is ons vier verkies tot die FOS-Komitee.

Ons doelwit vir FOS is soos volg:

- Om alle oud leerlinge, vanaf 1970 tot nou, betrokke te kry by FOS. Sodoende kan ons 'n sterk en aktiewe sosiale en professionele netwerk skep;
- Om 'n aktiewe bydrae tot die ontwikkeling van die Hoërskool Framesby en die leerders van die skool op alle gebiede te lewer.

Baie het reeds gevra wat bedoel word met 'n professionele netwerk. Ons doelwit hier is dat ons as oud-leerders mekaar op 'n professionele vlak sal ondersteun. Ons wil 'n platvorm skep waar oudskoliere hul besighede kan adverteer, waar in Suid-Afrika hulle ookal is, en dat ons hulle dan ondersteun. Dit kan dan amper dien as 'n "Geelbladsy" van besighede en dienste wat deur oud-leerlinge besit/bestuur word.

Verder in die toekoms sal ons graag 'n elektroniese Toep wil ontwikkel, waar FOS-lede hul besighede en dienste kan adverteer. Ons wil ook lidmaatskap inligting en nuus so versprei. Ons moet egter eers kruip voor ons kan hardloop, maar ons glo dat die toekoms van FOS blink is.

Die sosiale netwerk is natuurlik maklik om te verduidelik – ons wil 'n tuiste vir oudskoliere skep om bymekaar te kom en ou vriende te ontmoet en nuwe vriende te maak. Ek verstaan dat die nuwe klubhuis van die Framesby Ondersteunersvereniging amper voltooi is. Dit sal in April 2021 amptelik geopen word. Ons wil graag die klubhuis as ons tuiste sien waar ons op Vrydae-aande gesellig bymekaar kan kom.

Hierdie inisiatief word in ons vrye tyd bestuur. Almal weet dit sal dit nie 'n sukses kan wees sonder die hulp en ondersteuning van die oudskoliere nie. Ons vra dus elke oud-leerling om hulle besonderhede aan die skool te stuur by die volgende e-posadres - fos@framesby.co.za.

Dit sal ons en die skool help om oud-leerlinge op hoogte te hou van alle verwikkelinge en funksies van die skool en FOS. Ons is ook oop vir enige voorstelle. Kontak ons direk op Facebook Messenger. Ons sal enige insette opreg waardeer.

Hou asseblief die FOS Facebookbladsy en die Fakkelflits vir nuus oor FOS en ons eerste sosiale kuier van 2021 in April dop. Daar sal ook later in die jaar ander geleenthede gereël word, ons sal julle op hoogte daarvan hou. Baie dankie vir julle almal se belangstelling en ondersteuning. Ek glo en vertrou dat ons saam 'n groot sukses van FOS gaan maak.

ONS GESELS MET BEN FOUCHE

VOORSITTER VAN FOS

Ek is trots om te kan sê dat ek die jongste is van drie kinders wat aan die Hoërskool Framesby gematrikuleer het. My suster, Liesl, het in 1985 matriek voltooi, en my broer Hendrik in 1988. Tydens skool het ek aan soveel aktiwiteite moontlik deelgeneem, maar rugby was maar my groot fokus. Dit was vir my 'n groot eer om in my broer, wat in 1987 en 1988 se eerste rugbyspan gespeel het, se voetspore te volg. Ek is in 1989 as 'n 16-jarige vir die eerste span gekies. Ek het van 1989 tot 1991 in 55 wedstryde vir die Bloktrui gespeel.

Ek het na skool my studies in Menslike Hulpbronne Bestuur en Arbeidsreg voltooi en het tot dusver my hele loopbaan hier in Port Elizabeth in die veld gewerk. Ek is getroud en het drie kinders. My oudste is tans in Graad 12 in Framesby. Dan het ek ook 'n tweeling wat nou in Graad 6 is.

OUDSKOLIERE NUUS:

JOHAN VAN DER MESCHT



Biografie – Johan van der Mescht


Johan van der Mescht, 'n oud-skolier van die Hoërskool Framesby en skrywer van die boek Die Army het jou nommer, is 'n siviele ingenieur van beroep. Hy en sy gesin woon in die Langkloof, 'n vallei ingevou tussen die Kougaberge in die noorde en Tsitsikammaberge in die suide.

Johan is in Port Elizabeth gebore. In 1969 begin hy sy skoolopleiding by Laerskool Verkenner en in 1980 matrikuleer hy aan Hoërskool Framesby. Ná skool studeer hy siviele ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch. Met die voltooiing van sy studies in 1985 meld hy in Januarie 1986 vir verpligte militêre diensplig aan. Hy ondergaan juniorleiersopleiding by Genieskool in Kroonstad waarna hy as offisier na 5 Militêre Werke Eenheid in Pretoria uitgeplaas word. In hierdie tydperk word hy onder andere aangewend as Basisingenieur te Mpacha in die Oos-Capri.

Na afloop van sy twee jaar diensplig word hy oorgeplaas na 16 Genie Regiment, 'n Burgermageenheid in die Oos-Kaap. Begin 1994 word hy bevorder tot die rang van Kaptein en, met die afskaffing van verpligte militêre diens, sluit hy in 1995 aan as 'n vrywilliger by Regiment Piet Retief, 'n Reserwemageenheid gevestig in Port Elizabeth. Hy bly 'n aktiewe lid van hierdie regiment tot en met sy uittrede in 2005 weens werk- en gesinsverpligtinge.

Die boek “Die Army het jou nommer” bevat ‘n reeks persoonlike vertellinge, meestal met ‘n humoristiese of nostalgiese ondertoon, uit die tydperk toe ‘n hele generasie jong mans uit ‘n sekere rassegroep moes aanmeld vir verpligte Nasionale Diensplig. Die staaltjies volg min of meer in kronologiese volgorde, vanaf kleintydse blootstelling aan die militêre omgewing, tot deelname aan die Grensoorlog en die tydperk daarna.

Elke oud-soldaat het sy eie storie, goed of sleg, gebaseer op hoe hy as individu die lewe in die Weermag ervaar het. Hierdie boek sal dus aanklank vind by die diensplig generasie, maar ook by hulle wat meer wil weet oor soldaat-wees in ‘n tydperk toe Suid-Afrika ‘n gedugte en goed toegeruste Weermag gehad het.



JOHNNY BILLSON

HOOFSEUN 1970



Op die foto oorhandig mnr. Germishuys die 50 jaar gedenkblad aan Johnny Billson in Pretoria. Johnny Billson was Hoërskool Framesby se eerste hoofseun.

Vyftig jaar in ‘n oogwink!

Dit is hoe dit vir my voel na al die jare. Ek onthou nog toe ons as eerste standerd sesse in 1966 by Framesby aangemeld het. Wat vreemd was van die vyf jaar – ons het nooit senior skoolmaats saam met ons in die skool gehad nie. Ons moes die stang vasbyt en alles vir die eerste keer probeer doen! Wat ‘n wonderlike vyf jaar het ons nie gehad nie.

Dit is dan weer vir my ‘n voorreg om na vyftig jaar vir al my oud-Framesby skoolvriende, Framesby alumini, die personeel van alle tye en die huidige leerders te kan groet.

Vir die huidige leerders: geniet julle vyf jaar by Framesby ten volle en baie sterkte vir julle in die toekoms. Mag julle loopbane kies wat julle sal inspireer om ‘n daadwerklike bydrae te maak. Onthou Steve Jobs se geveulde woorde: “Have the courage to follow your heart and intuition”.

Johnny Billson 1970



**Enige nuus oor oudskoliere kan na
mediasentrum@framesby.co.za
ge-epos word.**

VERLENG NA
31 MAART 2021

GRATIS ENKELVIE VOORSKRIF- sonbril

tot en met **R3000**

Bepalings en voorwaardes geld.



Vir BEKOSTIGBARE OOGSORG

SUNRIDGE PARK 041 360 8406

Winkel 30, Sunridge Village Winkelsentrum, Kragga Kammaweg, Sunridge Park

Email: sunridge@specstores.co.za

POLICE
eyewear

HUGO
HUGO BOSS

CONVERSE ➔

Aanbod onderhewig aan die koop van 'n omvattende oogtoets en jou eerste brilraam vanaf R699/Oranje plakker en hoër met voorskriflense. Die 2de GRATIS voorskrifbril is beperk tot die waarde van jou eerste bril tot en met 'n totale waarde van R3000. Aanbod geldig tot 31 Maart 2021. Bepalings en voorwaardes geld.